

**6 Januarie**

**Skrifgedeelte: Levitikus 9 en 10 (OAV)  
Fokusgedeelte: Levitikus 9:23, 24; 10:1,2**

### **Heilige vuur en vreemde vuur**

“Dominees is ook maar gewone mense”. Dit sê ons dikwels as ons agterkom dat hulle wat aan ons die woord van die Here verkondig ook nie altyd self na daardie woord luister nie! En God weet dit ook.

Aäron en sy seuns was “ook maar gewone mense”. Daarom moes hulle net soos die volk eers brandoffers en skuldoffers bring. Maar hierdie “gewone mense” word geroep tot ‘n buitengewone en ‘n heilige diens. En daarom gebeur daar aan die einde van die bevestigingsdiens iets geweldigs. God se heerlijkheid omstraal die tabernakel en van daaruit skiet daar vuurvlamme neer op die altaar en verteer die smeulende offers van die volk en die priesters! God maak daardeur sigbaar dat dit Hy is wat hierdie priesteramp aan Aäron en sy seuns toevertrou. Tegelykertyd omstraal die lig van God se teenwoordigheid die hele volk: almal is nou ligdraers. Op die pinksterdag verskyn die heerlijkheid van God in “tonge soos van vuur” op elkeen van God se kinders. En in gehoorsaamheid begin hulle almal “oor die groot daad van God praat” (Hand 2).

God se diens is terselfdertyd ook heilig. Twee van Aäron se seuns, Nadab en Abihu, het dit op ‘n vreeslike manier agtergekom: hulle het “sommerso” êrens vandaan vuur gekry en daarmee na die tabernakel gegaan. Dieselfde vuur van God wat die voorgeskrewe offers aanvaar het, het die priesters met die “vreemde vuur” verteer! Só heilig is die Here! “Onse God is ‘n verterende vuur!” (Hebr 12:29). God wil hê dat ons Hom moet dien en Hy bepaal hoe ons Hom moet dien.

*Sing: Psalm 115:6,7*

*Ds LH Stavast (Emeritus)*